

26 Augustus

Skrifgedeelte: Lukas 16:19-31

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 7

Die genoegsaamheid van die Bybel

Is daar meer kennis oor God as wat ons in die Bybel vind? Verseker! God is baie meer as sy openbaring. Daar is baie verborge dinge van God wat net die Gees van God ken (1 Kor 2:11). Wat God aan ons openbaar, sê Artikel 7, is nie alles nie, maar GENOEG om ons tot saligheid te lei.

Is hierdie “genoeg” egter ook vir jou genoeg? Kan jy tevrede wees met net die Bybel? Vir baie mense is die antwoord: “Nee.” Hulle vertrek op ’n ontdekkingsreis om meer kennis van God te kry as wat in die Bybel geopenbaar word. Hierdie reis neem hulle van kerk tot super-kerk, van belewing tot ekstase, van droom tot profesie, van predikers tot helers en miskien selfs van Godsdienste tot godsdienste. Uiteindelik keer almal met leë hande terug. Wat help dit immers as jy die hele wêreld as wins verkry, maar in die magdom van ervarings jousef verloor (Luk 9:25)?

In ons Skrifgedeelte vind ons ’n mens wat homself verloor het. Hy probeer verhoed dat sy vyf broers hulleself verloor, maar daar is vir hulle net een pad: Hulle moet oortuig word deur God se waarheid in die Skrif wat deur Moses en die profete geskryf is (vers 31). Let op: Ander ervarings, byvoorbeeld opstanding uit die dood, is nie onmoontlik nie, maar hulle is nutteloos. As die Skrif nie oortuig nie sal niks oortuig nie. DIE EVANGELIE “is ’n krag van God tot redding van elkeen wat glo,” sê Paulus (Rom 1:16).

Mense wat die Skrif só hanteer; nie as net woorde op papier nie, maar as God se krag, ’n lewensveranderende krag tot redding, vind meer as genoeg daarin. Een leeftyd is veels te kort om die rykdom van die kennis en heerlijkheid van God wat daarin geopenbaar word te ontgin (2 Kor 4:6)!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~